
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, June 14, 2019
Page: 32





# Belasting en die huweliksaanwas

**'n Aanwaseis kan gewoonlik eenvoudig bereken word. Indien daar egter nie genoeg kontant in die boedel is om dié eis te betaal nie, kan probleme ontstaan vir die party wat hierdie eis moes ontvang.**

Vandeesweek kyk ons na belasting en die huweliksaanwas.

Die aanwasbedeling is 'n huweliksvorm wat tot stand gekom het met die inwerkingtreding van die Huweliksgoederewet (Wet 88 van 1984). Dit het ook gelei tot die beëindiging van die huweliksmag van mans. Almal is nou gelyk in die huwelik – gelyk in die huwelik, maar helaas (nog lank) nie gelyk in 'n finansiële sin nie. Dit is waar die aanwasbedeling 'n belangrike rol speel.

Om kortliks 'n voorbeeld te noem. Die man boer vooruit en skep groot rykdom in sy boedel. Die vrou se boedel groei nie, want sy werk op die agtergrond, behartig die administrasie (vir hom) en maak die kinders groot (terwyl die man saam met sy vriende gholf speel en met sy rykdom spog). Die wet beskerm die vrou, want sy het nou 'n eis teen die man se boedel om die helfte van die netto verskil in groei tussen die twee boedels tydens die huwelik.

Omdat ek meen dat vroue nie genoeg na waarde geag word nie, is die aanwasbedeling myns insiens 'n goeie ding. Dit kan egter ook finansiële probleme skep by die oordra van boedelbates vir die aanwaseis.

As daar genoeg kontantgeld in die groter boedel is om die aanwaseis te kan vereffen, is daar nie 'n probleem nie. Die probleme ontstaan wanneer daar nie kontantgeld is nie. Die aanwas hoef egter nie noodwendig in kontant betaal te word nie. Dit kan ingevolge 'n oorkoms ook ander bates wees.

Dit is hier waar die haakplek ontstaan, want ander bates moet dalk verkoop of oorgedra word om aan die aanwaseis te voldoen. By dood kan dit beteken dat erfgename (byvoorbeeld 'n kind vir wie die plaas bestem is) aan die kortste ent gaan trek.

Die logiese en selfs goedkoop manier om voorsiening te maak vir kontant in die boedel vir die aanwaseis by dood, is 'n lewenspolis. Die manier waarop egter met lewenspolisse omgegaan word, myns insiens weens 'n paar akademici se stiksienigheid en lui denke en die gebrek aan voldoende regspraak, maak dit haas onmoontlik. Dit eers daar gelaat.

## AANWASEIS

Ek word soms gevra: Word die aanwaseis by dood bereken vóór of ná die berekening van boedelbelasting?

Die aanwaseis word bepaal vóór boedel belasting ter sprake kom. Die aanwaseis geld selfs voor enige testamentêre bemaking o intestate erfopvolging (intestaat beteken daa is nie 'n testament nie). Alles wat 'n impak op die boedel kon hê voor dood, is egter rele vant. Uitstaande skuld, uitstaande belasting en kontraktuele verpligtinge sal voorrang kr om die netto waarde van die boedel (vir die doel van die aanwas) te bereken.

Boedelbelasting (20%) word bereken op die netto waarde van die boedel (dus ná alle geldige aftrekkings, waaronder die aanwaseis), minus die vrystelling van R3,5 miljoen.

Dit is met kapitaalwinsbelasting waar daar 'n slang in die gras kan wees vir die party met die aanwaseis. In die oorledene se boedel is die kapitaalwinsbelasting in sy boedel eweneens aftrekbaar vóór boedelbe lasting bereken kan word. Maar, soos hierbo genoem, as daar nie kontant in die boedel is vir die aanwaseis nie en vaste bates dan oor gedra moet word, kan die vrou "ingedoen" word. Sy kry die bate teen markwaarde (die waarde van die aanwas), maar dit sluit nie toekomstige kapitaalwinsbelasting in as sy dalk die eiendom van die hand sit nie.

Die eiendom word aan die vrou oorge dra met die oorspronklike basiskoste in haar man se boedel, wat haar "wins" op die bate baie hoër maak en dus meer belasting tot gevolg het.

Dit verminder dus die werklike waarde van die aanwaseis.

Wees dus versigtig as jy 'n vaste bate neem ter vereffening van jou aanwaseis. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com, 021 461 2067.**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.